

BOEKBESPREKING

H. Venema, UITVERKIEZEN EN UITVERKIEZING IN HET NIEUWE TESTAMENT, J. H. Kok N.V. Kampen 1965.

Hierdie werk is 'n proefskrif vir die verkryging van 'n doktorsgraad in die Teologie. Dit is 'n eksegetiese ondersoek van skrifgedeeltes in die Nuwe Testament, wat oor „uitverkiesing” handel, alhoewel dit verskeie kere vir die skrywer nodig was om ook Ou Testamentiese getuienis te gebruik.

In hierdie werk bepaal die skrywer hom hoofsaaklik by die betekenis van die werkwoord „uit(ver)kies”, en verder by „uitverkorene” en „uitverkiesing”. Waar die werkwoord „uit(ver)kies” in die Nuwe Testament gebruik word onderskei die skrywer vervolgens weer drie handelende subjekte nl. die mens, Christus en God. Wat hierin veral interessant is, is die bespreking van die verkiesing van Judas deur Christus, en die vraag in hoeverre hy bv. deur God die Vader aan Christus gegee was, ter uitvoering van sy heilsplan met die wêreld. Wat die skrywer egter in die bespreking hiervan duidelik stel, is dat by hierdie verkiesing of uitkiesing, soos bv. t.o.v. die dissipels of Matthias, baie noukeurig gelet is op die geloofsoortuiging van die persone en hulle toegerustheid om die diens te vervul waarvoor hulle benodig was.

Oor die betekenis van „uitverkorene” sê die skrywer nie veel nie, behalwe in soverre as wat Christus die Uitverkorene genoem word en dat van die Christengelowiges sprake is wanneer melding gemaak word van mense wat uitverkorenes is; en dat dit in die meeste gevalle betrekking het op die lewe van die gemeente van Christus in die tyd en in die wêreld.

'n Lang en uitvoerige bespreking volg egter oor die term „uitverkiesing”, en veral n.a.v. die gegewens in Romeine 9-11, m.a.w. oor die vraag of Israel as volk uitverkore gebly het, of deur God geheel en al verwerp is. Die slotsom is dat God o.g.v. sy verbond met Abraham, Isak en Jakob, Israel nie geheel as volk sal verwerp nie.

Die skrywer handel in die vierde en laaste hoofstuk ook oor die sogenaamde „raad van God”, en die verwerping van mense of volkere en die vraag of die verwerping van ewigheid af voorbestem was of in die tyd geskied het as gevolg van die sonde en

verhardheid van die mense. Alhoewel die skrywer erken dat God vrymagtig verkies en verwerp sonder om deur mense beïnvloed te word, kies hy vir die laaste opvatting.

Ten slotte kom die skrywer tot die oortuiging dat die verkiesing van God 'n aksie van God in die tyd is, wat egter veranker lê in die ewige heilswil van God en daardeur beheers word. Verkiesing hou 'n seleksie in, en is 'n genadedaad van God, sonder vooraf verdienste van mense of volkere. Dit gaan nie alleen om 'n historiese handeling van God nie, maar is ongetwyfeld tegelyk die redding en verlossing tot die ewige lewe en heerlikheid. Dit is nie uit die Skrif duidelik waarom God sommige mense en volkere deur genade uitverkies nie, terwyl hulle daartoe net so onwaardig is as diegene wat verwerp word. Dié wat verwerp word is egter self daarvoor verantwoordelik vanweë hul sonde. Gods uitverkiesing en verwerping is finaal. Daar is geen wisselwerking tussen dié twee nie, die verkiesing haal ook nie uiteindelik die verwerping in om dit ongedaan te maak nie.

Ons kan hierdie werkstuk aanbeveel by elkeen wat na meer duidelikheid soek oor hierdie vraagstuk in die Teologie. Dat Venema aan elkeen 'n bevredigende antwoord sal gee met hierdie werk, wil ons nie beweer nie. Daar is t.o.v. die uitverkiesingsleer nog veel verborgenheid wooroor daar nog lank nie uitgepraat is nie en waarmee nog lank geworstel sal word. Nietemin het die skrywer 'n goeie wetenskaplike stuk werk gelewer wat ons aandag verdien en in menige opsig met vrug bestudeer kan word.

Ten slotte wil ons opmerk dat die werk soms effens moeilik lees vanweë baie aanhalings, sodat 'n mens op jou hoede moet wees om die skrywer se sienswyses te onderskei van dié van andere. Nogtans sal dit die moeite loon om die boekie aan te skaf.

G. M. M. Pelsner.